

Kuber kommunie, e-eucharistie, net-Nagmaal. Virtuele wyn weens die virus?

Nagmaal en Griep in Suid-Afrika

Honderd jaar gelede het almal in NG gemeentes in Suid-Afrika uit gesamentlike nagmaalsbekers gedrink, en dit boonop knus om 'n tafel voor in die kerk. In sy bundel *Toneelen uit ons dorp* uit 1882 beskryf T.F. Burgers 'n Nagmaalsdiens op Hanover in die Noord-Kaap. Sy, en ander, se beskrywings uit ons geskiedenis sal menige virus-bewuste kerkganger in hulle soetwyn laat stik. Vanaf lang baarde wat saam met die lippe in die ou silwerbeker wegsink tot en met stukkie pruimtwak wat teen die einde van die bediening in die wyn dryf, is dit terugskouend duidelik dat Nagmaalsnaweek die plaaslike mediese dokter agterna besig moes gehou het.

Die eerste krake in hierdie gevestigde ritueel het in 1888 in Riversdal gekom toe mense weens 'n gebrek aan ruimte voor in die kerk, gevra is om in die banke te bly sit en sommer daar die beker en brood te ontvang. Natuurlik was daar 'n heftige debat na aanleiding hiervan tussen 'n dominee van Groote Kerk en 'n professor van die Kweekskool oor die ongereformeerde dwaling wat die kerk binnesluip het met die gesit. Helaas hou NG mense van sit en sit hulle na al die jare steeds.

Dertig jaar later in 1918, het dr. Nicol van die NG gemeente Johannesburg-Oos, 'n servies met Nagmaalskelkies by 'n ander kerk geleen om daarmee te eksperimenteer. Dit was te midde van die Groot (Spaanse) Griep en daar was die gevaar dat mense mekaar kon aansteek wanneer hulle die gesamentlike nagmaalsbeker gebruik. Die eksperiment tydens die griep epidemie was so suksesvol dat die gemeente, nadat die epidemie verby was, nie weer die ou beker wou terughê nie, oftewel die meeste lidmate wou nie. Natuurlik was daar die diep beswaardes wat gekant was teen hierdie nuwerwetse onding. Of die besware teen die invoering van kelkies hierdie keer op diep teologiese gronde berus het of op die diepte van die klein kelkies, sal ons in die argief moet nagaan. Om, soos gewoonlik, almal so plus-minus tevrede te stel, is 'n kompromis-besluit deur baie kerkrade ingevoer om die beker- én die kelkie-gesindes tevrede te stel, naamlik om die beker naas die kelkies 'n opsie te hou vir die wat dit verkies het.

Die Groot Griep van 1918 was 'n massiewe uitdaging en het liturgiese kreatiwiteit gestimuleer. En 102 jaar later is kerke weer voor vele liturgiese uitdagings as gevolg van die Corona virus. Daar is 'n hele rits 'gevaarlike' rituele wat in eredienste voorkom en wêreldwyd is daar kerke wat kliphard besig is om alternatiewe wyses te ondersoek. Wat doen jy met 'n vredeskus? Selfs net 'n vredesgroet wat 'n standaard deel is van die meeste Anglikaanse en Rooms Katolieke dienste? Aartsbiskop Thabo Mokgoba stel 'n vredeswuil voor. Daar is ernstige debatte en die aanpassing van gebruike ten opsigte van begrafnisse wat vinniger moet plaasvind. En kollektorbordjies wat omgestuur word en deur vele hanteer word, is ook 'n uitdaging. Alle kerke bedien die Nagmaal wat dit 'n potensieel gevaarlike ritueel maak. Dit is veral kerke wat steeds een beker gebruik wat tans voor die grootste uitdaging staan en wêreldwyd reik kerke riglyne in hierdie verband uit. In 1918 was die kelkies die oplossing, maar dit was voor die tyd van virtuele ruimtes en ontwikkelinge in die domein van e-ritueel en e-liturgie.

Die kuberruim en liturgie

'n Redelik voor die hand liggende oplossing is bes moontlik 'n e-eucharistie (net-nagmaal? kuber kommunie?). En waarom nie? Liturgie en ritueel gedy al vir lank in die kuberruim, vanaf die virtuele wêreld in rekenaarspeletjies tot die kommentaar areas op Facebook. Hierdie twee uiteenlopende areas is terloops van die bekendste kuberruimtes waar diegene wat hierdie verskynsel bestudeer, rituele handeling kan waarneem. Speletjies soos World of Warcraft, Bioshock Infinite en Greedfall speel gereeld met verskillende rituele wat deelnemers moet uitvoer. In die geval van World of

Warcraft, 'n speletjie wat miljoene mense saam speel in die wêreld van Azeroth, is daar virtuele grafstene en "engele" waarheen spelers gaan om deel te neem aan rituele van rou en herinnering wat opgedra is aan spelers wat reeds gesterf het. Op 'n sosiale media platform soos Facebook en Instagram neem mense op 'n daaglikse basis deel aan rituele handeling, soos byvoorbeeld rituele wat te make het met rou en herinnering by die afsterwe van geliefdes. Die Facebook blad van 'n afgestorwe persoon ontvang byvoorbeeld boodskappe en gebede en vertoon groot ooreenkomste met gewone begrafnisse en die rituele wat daarin voorkom. Daar is nog 'n hele rits ander rituele handeling in hierdie virtuele ruimtes, vanaf die viering van verjaarsdae tot en met die lewering van getuienis. Daar is kuberbegravinge, 'n virtuele voorstelling van 'n fisiese begraving. In 'n kuberbegraving kan geliefdes blomme plaas en kerse brand by die 'graving' van geliefdes. Kuberpelgrimstogte is weer webtuistes wat mense die geleentheid gee om virtueel deel te neem aan bekende pelgrimstogte. The Passion is 'n fisies uitgevoerde passiespel wat in die strate van 'n stad in Nederland afspeel en tydens die vertoning kan enige persoon deur middel van die internet "saam stap". Die kuberruimte is boordensvol rituele waaraan mense van vlees en bloed daaglik deelneem.

Gemeenskap van gelowiges

Terwyl bykans alle godsdienstige instansies op die oomblik riglyne uitvaardig ten opsigte van die uitvoering van hulle rituele waar mense tradisioneel in noue kontak met mekaar sou gewees het, is daar bitter min wat hulle tot op hede na die kuberruim gewend het om (tydelike) oplossings te kry. Sommiges sal natuurlik onmiddellik wonder hoe Nagmaal moontlik is indien mense nie fisies bymekaar is nie? Die dieper vraag hier is of virtuele gemeenskap kwalifiseer as 'n outentieke bymekaarkoms van mense. Tweeduisend jaar terug was die aarde plat en die wêreld klein en gelowiges het waarskynlik nie hierdie vraag eers oorweeg nie. Vandag is die aarde rond en die wêreld is terselfdertyd baie groter en baie kleiner. Groot besigheidsvergaderings en emosionele krisisse word oor die foon of Skype hanteer, so waarom kan daar nie ook op virtuele manier nagmaal gevier word nie. Vra enige persoon wat aande om gesels met 'n klomp vreemdelinge oor Discord ('n digitale kommunikasie platform) of daardie verhoudings en belewenisse outentiek of vals is. Soms is hulle meer outentiek as verhoudings met mense met wie 'n woning gedeel word. Die mens van 2020 bestaan en leef in beide die fisiese en virtuele realiteit.

Heilige ruimtes

Kan mense deelneem aan die Nagmaal in ruimtes buite die kerkgebou sonder om die betekenis van die ruimte in te boet? Die antwoord is ja, want dit is die deelnemers wat die waarde of betekenis aan 'n ruimte toeken. Dit is duidelik as mens na die Facebook blaai van oorledenes kyk dat diegene wat rou in baie gevalle daardie virtuele ruimtes in heilige ruimtes verander. Dit is definitief moontlik om virtuele ruimtes nuut te definieer sodat 'n Kubernagmaal gevier kan word.

Beliggaming

Vele mense sal ook wil weet wat van liggaamlikheid word? Hoe verstaan ek my liggaam en hoe iemand virtueel bestaan in hierdie ruimtes? Vir tyd en wyl is dit vir ons onmoontlik om ons fisiese liggame in die kuberruimte in te neem. Mense word dikwels deur hulle name, voorstellings (avatars), skuilname of foto's verteenwoordig. Gebaseer hierop weet die betrokke gemeenskap wie mense is. Dit is egter steeds nie fisies nie en kan vir sommige voorkom asof dit nie eg is nie. Mense is egter nie net vleis en been nie, maar geestelike wesens; 'n mengsel van fisiese elemente en narratiewe, die stories wat identiteite vorm. Liturgie en ritueel in digitale spasies vra dat mense op 'n andersoortige wyse teenwoordig is as wat hulle in 'n tipiese erediens teenwoordig is, dus meer met hulle stories en herinneringe as met arms en bene.

Natuurlik sal 'n Kubernagmaal drastiese implikasies vir die verstaan en gebruik van die nagmaal hê. Tye soos hierdie daag almal uit om die te delf in dit wat goed en moontlik is gegewe tegnologiese ontwikkelinge. Prakties gesien kan nagmaal soos volg bedien word.

Video nagmaal

Zoom is sagteware wat wyd gebruik word om vergaderings, opleiding en ander toerustings geleenthede te fasiliteer en kan help met die nagmaal in tye waar dit moeilik is om fisies saam te wees. Elkeen wat wil deelneem aan die nagmaal kry hulle eie wyn en brood reg en gebruik die Zoom skakel wat die liturg aan hulle stuur. Op die voorgeskrewe tyd gebruik almal die skakel, die liturg stel die nagmaal in en op 'n digitale wyse vier die virtuele gemeenskap die nagmaal saam. Almal benodig egter 'n skootrekenaar of selfoon, 'n gratis Zoom profiel, en internet toegang. Die kamera funksionaliteit van die toestelle kan gebruik word indien jy die ander Nagmaalsgangers wil sien.

“Streaming” Nagmaal

Discord is fantastiese gratis sagteware wat baie eenders as Zoom sal werk. Die groot verskil is dat Discord ook 'n kletskamer is en dus kan die lede ook die sagteware gebruik om boodskappe te stuur buite die konteks van die nagmaal ritueel. Waar 'n Zoom sessie met 'n skakel werk, gebruik Discord “streaming” tegnologie en mense wat wil deelneem aan die nagmaal neem net deel aan die “stream”. In die lig van die Corona virus het Discord die kapasiteit verander sodat 50 mense tegelyk kan deelneem aan die “stream”. YouTube, Twitch en ander “streaming” platforms kan ook gebruik word maar Discord is waarskynlik die opsie met die meeste privaatheid.

Nagmaal app

Vir die wat die kapasiteit het, kan daar selfs oorweeg word om 'n nagmaal app of “plugin” te skryf wat mense die geleentheid gee om die nagmaal te vier. Dit kan so eenvoudig wees soos 'n opname van die Nagmaalformulier wat mense ook so digitaal begelei in die ritueel. Dit sal nie veel anders wees as die preke wat gemeentes reeds op webtuistes beskikbaar maak nie.

Daar is nog baie ander moontlikhede, maar soos ons koffiedrink-rituele deel geword het van kerkspasies, so kan liturgiese rituele ook deel word van ons tuisspasies. En dit sal nie die eerste keer wees wat kerke in Suid-Afrika die wyse van die Nagmaal aanpas in die lig van 'n uitdaging nie.

Cas Wepener & Nicolas Matthee